



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**NOVEMBER 2022**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Produkte wat verbruikers herhaaldelik kan gebruik om vir baie jare hulle behoeftes te bevredig, word … goedere genoem.

A halfduursame
B nieduursame
C bederfbare
D duursame

1.1.2 Die koop en verkoop van staatseffekte om die geldaanbod te beheer, staan as … bekend.

A morele oorreding
B kontantreserwevereistes
C opemarktransaksies
D rentekoersveranderinge

1.1.3 Openbare goedere wat nie-uitsluitbaar en niemededingend in verbruik is, word … goedere genoem.

A gemeenskaps-
B kollektiewe
C niemeriete-
D meriete-

1.1.4 Die betalingsbalansrekening waarin transaksies aangeteken word wat met uitvoere en invoere van goedere en dienste verband hou, staan as die … Rekening bekend.

A Finansiële
B Lopende
C Kapitaaloordrag-
D Reserwe-

1.1.5 'n Handelsprotokol wat bedoel is om handelsbetrekkinge tussen die Verenigde State van Amerika en Afrika te verbeter, word die … genoem.

A Europese Unie
B Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
C Wet op Groei en Geleenthede in Afrika
D Multilaterale Monetêre Gebied

1.1.6 'n Regstellende maatreël wat bedoel is om landsburgers te vergoed wat hulle grond as gevolg van diskriminerende wette van die verlede verloor het, staan as … bekend.

A grondherverdeling
B eiendomsubsidie
C grondhervorming
D grondrestitusie

1.1.7 Die Platinum- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) fokus op …

A mynbou en agritoerisme.
B bosbou en landbouprosessering.
C inligting, tegnologie en telekommunikasie.
D vervoer en toerisme.

1.1.8 'n Aanwyser wat die aantal kinders meet wat voor die ouderdom van een jaar sterf, word … genoem.

A besteding op gesondheid
B kindermortaliteit
C die onder-vyf-sterftesyfer
D toegang tot sanitasie (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Geldvloei | A | 'n dokument wat die owerheid se verwagte besteding en inkome oor 'n periode van drie jaar uiteensit |
| 1.2.2 | Keynesiaanse benadering | B | produksie van 'n wye verskeidenheid goedere en dienste |
| 1.2.3 | Mediumtermyn-bestedingsraamwerk | C | verwys na die wêreld se ontwikkelde lande en ontwikkelende lande |
| 1.2.4 | Onaangetekende transaksies | D | fokus op die gebruik van wetenskap en tegnologie om industrialisasie te bevorder en uit te brei |
| 1.2.5 | Diversifisering | E | inkome en besteding tussen die deelnemers aan die ekonomie |
| 1.2.6 | Noord-Suid-verdeling | F | beweer dat markte inherent onstabiel is en ekonomiese skommelinge deur interne faktore veroorsaak word |
| 1.2.7 | Nasionale Navorsing- en Ontwikkeling-strategie | G | die prys wat handelsbanke vir die leen van geld by die Suid-Afrikaanse Reserwebank betaal |
| 1.2.8 | Repokoers | H | beweer dat markte inherent stabiel is en ekonomiese skommelinge deur eksterne faktore veroorsaak word |
| | | I | 'n item in die betalingsbalans wat vir enige weglatings en foute voorsiening maak |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die totale markwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne 'n spesifieke periode deur permanente landsburgers geproduseer is

1.3.2 Wanneer hulpbronne op so 'n wyse toegeken word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders swakker daaraan toe is nie

1.3.3 Vergelyk 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse

1.3.4 Verkoop van goedere op 'n buitelandse mark teen pryse wat laer as die koste van produksie in die land van herkoms is

1.3.5 'n Landstreek wat 'n deurgang vorm wat toegang van een gebied na 'n ander moontlik maak om streeksontwikkeling te bevorder

1.3.6 Die aantal persone in diens, as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe bevolking uitgedruk (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE makro-ekonomiese doelwitte van die openbare sektor. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word subsidies op produkte afgetrek wanneer bruto binnelandse produk (BBP) teen basiese pryse na BBP teen markpryse herlei word? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOE MEER JY VERDIEN, HOE MEER BETAAL JY**
**BELASTINGKOERSE VIR INDIVIDUE**

| BELASBARE INKOMSTE (RAND) | BELASTINGKOERS (2021/22) |
|---|---|
| 1–216 200 | 18% van belasbare inkomste |
| 216 201–337 800 | 38 916 + 26% van belasbare inkomste bo 216 200 |
| 337 801–467 500 | 70 532 + 31% van belasbare inkomste bo 337 800 |
| 467 501–613 600 | 110 739 + 36% van belasbare inkomste bo 467 500 |
| 613 601–782 200 | 163 335 + 39% van belasbare inkomste bo 613 600 |
| 782 201–1 656 600 | 229 089 + 41% van belasbare inkomste bo 782 200 |
| 1 656 601 en bo | 587 593 + 45% van belasbare inkomste bo 1 656 600 |

[Bron: http://www.treasury.gov.za]

2.2.1 Identifiseer die marginale belastingkoers vir 'n persoon wat tussen R216 201 en R337 800 per jaar verdien. (1)


2.2.2 Noem die inkomstebelastingstelsel wat deur die tabel hierbo voorgestel word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *fiskale beleid*. (2)

2.2.4 Verduidelik die effek van hoë belastingkoerse op belastingbetalers in 'n land. (2)

2.2.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die inkomstebelasting betaalbaar te bereken indien 'n jaarlikse inkomste van R480 000 verdien word. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die oorspronklike wisselkoers in die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie*. (2)

2.3.4 Wat is die voordeel van 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans? (2)

2.3.5 Met verwysing na die grafiek hierbo, verduidelik die effek van die toenemende vraag na VSA-dollar op die waarde van die rand. (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik die onderlinge verhouding tussen *huishoudings* en *besighede* in die ekonomiesekringloop-model. (4 x 2) (8)

2.5 Ontleed die probleme waarvoor die Suid-Afrikaanse regering in die verskaffing van openbare goedere en dienste te staan kom. (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vorme van ekonomiese integrasie. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom migreer mense dikwels na stede en stedelike gebiede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.google.com]

3.2.1 Identifiseer die internasionale handelsbeleid wat deur die spotprent hierbo uitgebeeld word. (1)

3.2.2 Waarvoor staan die afkorting *WHO*? (1)


3.2.3 Beskryf kortliks die term *invoervervanging*. (2)

3.2.4 Waarom is dit nodig dat suigeling-nywerhede beskerm word? (2)

3.2.5 Hoe kan Suid-Afrika uit vryhandel voordeel trek? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE KWARTAALLIKSE ARBEIDSPRODUKTIWITEIT-GROEIKOERS (%)**




[Bron: www.thedtic.gov.za]

3.3.1 Identifiseer, in die grafiek hierbo, die periode waarin Suid-Afrika die hoogste negatiewe groeikoers ervaar het. (1)

3.3.2 Noem enige EEN instelling wat ekonomiese aanwysers in Suid-Afrika publiseer. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *sosiale aanwyser.* (2)

3.3.4 Verduidelik die impak van 'n toename in arbeidsproduktiwiteit op besighede. (2)

3.3.5 Hoe kan die owerheid die produktiwiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag verbeter? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks *subsidies* en *aansporings* as metodes van uitvoerbevordering. (2 x 4) (8)

3.5 Evalueer Suid-Afrika se streekontwikkelingsbeleide ten opsigte van die internasionale maatstafkriteria. (4 x 2) (8)
**[40]**


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE uitwerkings (effekte) van internasionale handel. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe bevorder Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) nywerheidsontwikkeling? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Identifiseer die waarde van die marginale spaargeneigdheid (msg) in die diagram hierbo. (1)

4.2.2 Noem die lekkasie wat met die buitelandse sektor verband hou. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *outonome verbruik.* (2)

4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van besparings in die ekonomie. (2)

4.2.5 Gebruik die marginale verbruikgeneigdheid (mvg) in die diagram hierbo om die waarde van die vermenigvuldiger te bereken. Toon die formule en AL die berekeninge. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NYWERHEIDSONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA**

Die missie van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) is om strukturele transformasie na 'n dinamiese nywerheids- en wêreldmededingende ekonomie te bevorder.

Die kritieke infrastruktuurfasiliteite (KIF'e), saam met ander aansporings, poog om investering te lok deur infrastruktuur wat as kritiek beskou word, te ondersteun. Die Suid-Afrikaanse regering implementeer die KIF'e om investeringsgroei in ooreenstemming met die Nasionale Nywerheidsbeleid-raamwerk (NNBR) te stimuleer.

[Bron: www.thedtic.gov.za]

4.3.1 Identifiseer die beleid wat die regering se benadering tot industrialisasie uiteensit. (1)

4.3.2 Noem enige ander aansporing wat deur die DHNM verskaf word om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *spesiale ekonomiese sones (SES's)*. (2)

4.3.4 Hoe kan 'n styging in internasionale oliepryse nywerheidsontwikkeling vertraag? (2)

4.3.5 Waarom is infrastruktuurontwikkeling in voorheen verwaarloosde gebiede belangrik? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *bevolkingsgroei* en *lewensverwagting* as demografiese aanwysers. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan Suid-Afrika invoere verminder om 'n tekort in die betalingsbalans reg te stel? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Bykomende gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse. (26 punte)
- Analiseer die uitdagings wat 'n ekonomiese resessie vir die verskillende deelnemers in die ekonomie skep. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe vanaf 1994. (26 punte)
- Hoe kan Suid-Afrika aanbodkantmaatreëls gebruik om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou